Rietvallei

Zelpy Fishing and Game Resort

Zelpy Kamp 18 – 21 Maart 2022

Vrydagaand is boereworsrolle aangebied en Dirk het die boekevat hanteer.

Boekevat het gehandel dat ons moet bid vir alle gelowiges en die dagstuk vir Saterdagaand het gehandel oor dat ons enige iets van ons Hemelse Vader kan vra wat op sy tyd sal antwoord.

Ons moet erken dat ons die seniors baie gemis het veral met die sing gedeelte.

Sieg het brinjals uitgedeel en Annatjie het proe stukkies voorberei vir die wat nie weet hoe om dit voor te berei nie. Dankie julle twee.

Saterdag oggend het afgeskop met 'n staptog deur Sieg geinisiëer. Daar was sterk stappers en minder sterk stappers maar almal het dit geniet. Later was daar bietjie boeresport aangebied deur die Oord vir die wat nog kan en wil. Daar was darem ook die wat bietjie lyne natgemaak het en Willem het met 'n grote gespog wat ons ongelukkig nie gesien het nie.
Na die buurmanbraai is daar heerlik om 'n kampvuurtjie gekuier.

Pieter en Magdaleen het kom kuier en ons is meegedeel dat hulle druk besig is om in te pak vir Vioolsdrif. Dit voel nog onwerklik om te dink dat ons hulle nie meer so gereeld sal sien nie. Soos hulle planne en uitkomste aan ons meegedeel is, is daar geen twyfel dat daar 'n groter hand hierin is nie. Ons bid vir leiding en krag in hierdie tyd veral ook vir Magdaleen se moeder wat baie siek is.

Sondagoggend se diens was gelei deur Frans wat elkeen aangespreek het om wakker te skrik en om geestelik paraat te wees. Die voorbeelde wat gebruik is het trefkrag en duidelikheid gebring.

Toekennings

Ere Lidmaatskap is aan Henry en Roekie Hill toegeken.

Sieg en Annatjie Maritz 180 Streekkampe.

Gideon en Helena van Zyl 25 Algemeen kampe

Nuwe lede is voorgeste nl. Andre en Matilda Brits

Gelukwense aan Frans en Stefanie met hul 40ste troudag herdenking.

Besoekers:

Anton en Tanya van der Bijl het van Donderdagaand tot Sondag saam gekamp met hul kinders JC en Leandri, wat al verskeie kere saam met hul ouma Marlene en oupa Dirk gekamp het.

Gideon en Helena se kinders en splinternuwe klein dogter het ook saam kom kamp. Die nuwe Oupa en Ouma het heel vertroud gelyk agter die baba stootwaentjie. Ons is bly saam met julle.

Die poeding tafel was weer 'n wenner en veral die die kinders wat daar was, het dit terdeë geniet.

Later het Frans en Stefanie vir ons "cupcakes" en verversings voorgesit. Dit was hul 40ste troudag herdenking. Baie geluk julle twee.

Die buurman ontbyt het amper uitgereën maar die wat vasgebyt het, het gesellig verkeer en dit geniet.

Daarna het almal maar koes-koes in die mot reëntjie opgepak en vertrek.

SET 2A
34
35
SET 2A
32
33
34

Heel bo – Frans en Stafanie saam met Erna

Onder – Dirk en Malene saam met Pieter